# HOOFSTUK XI.

## DIE ONDERWYSER.

(a) Die Amp.

Die plek en funksie van die onderwyser, ontplooi in die loop van die eeue 'n drama, wat byna so pakkend en boeiend as die wordings-geskiedenis van volke en nasies is. Die onderwyser was nie alleen voorligter en gids op die donkere weg van onkunde en bygeloof nie, maar ook draer van die kultuurboustene uit vorige na toekomsgeslagte. Soos die skeepskaptein sy vragboot oor die siedende bare en langs venynige rotsgevaartes tot die hawe van veiligheid loods, so was die onderwyser die priesterkaptein op die skip van die lewe. Dis hy wat die fakkel was om die skrede van die mens uit die duistere grot van onkunde voorwaarts te rig na die lig van kennis en beskawing. Uit die aard van die saak was dit 'n langsame en moeisame proses waar persoonlike tekortkomings en gebrek aan waardering, die weg bemoeilik en met die wrakke van mislukte pogings bestrooi het. Maar omdat die swaard van kennis magtiger as die vernuf van die staatsman en die wapens van die veroweraar is, het hierdie weg nie doodgeloop nie, maar aangegroei en breër geword om die sluimerende vermoë van die mensdom los te maak.

In die begin was die onderwyser 'n weelde-artikel wat slegs tot die beskikking van die rykes was. Die priester-onderwyser, gesteun deur die gesag van die kerk, het 'n hoë agting geniet. Beklee met militêre gesag soos in Sparta was hy die verpersoonliking van die ware sosiale gees. As loonarbeider het die huurling-etiket hom aangekleef en sy gesag en aansien verlaag. Heen-en-weer geskommel deur ekonomiese diep-waters, geskerp deur onderwyser-swakkelinge, is hy op die bare van sosiale en politieke onstuimigheid gewerp en is sy amp in onguns gebring. Dog die lig van

kennis het aanhoudend uitgestraal en na die onweerswolke van vóóroordeel verdwyn het, het die amp professionele status gekry en is sy regmatige plek in die ry van lewensnerings verseker. Langsamerhand het daar in elke beskaafde land 'n opgeleide onderwyserskorps ontstaan wat die opleiding en vorming van die jeug in hande moes neem. Dis waar dat gemeenskaplike opvoedkundige norme ontbreek het, dat daar verskillende rigtings en stromings oor die onderwysideaal gevloei het, dat die eise vir 'n lewens- en wêreldbeskouing ontbreek het, dog dis ook waar dat die vormende mag van die opvoeding ook hier sy weg gebaan het. En volgens die bakens van die huidige opvoedingsgedagte, moet die leraar sy opvoedelinge in die proses van leiding en ontwikkeling op verskillende maniere bystaan.

Hy is o.a. plaasvervangende ouer, dosent en leermeester, tugmeester, raadgewer, leier, vriend, medemens, opsiener, propagandis, geleerde en mens. En word sy dienste vandag na reg gewaardeer? As persoon moet hy alles wees wat die sedelike gemeenskapseise van hom verlang. As amptenaar moet hy sy wettige owerhede en skoolouers bevredig; en in kerk en skool het hy sedelike, maatskaplike en godsdienstige verpligtings om na te kom. En sy beloning? Die voorreg om bouer te wees aan 'n beskawings-orde waar die son van kennis besig is om die skaduwees van onkunde weg te dryf.

(b) <u>Adamson en die onderwyser.</u>[1)]

In die aanpassingsproses van die indiwidu en die omgewing het ons die grondbeginsel van die onderwys. Aan die een pool van die proses het ons die unieke subjek en aan die anderkant of pool het ons die objek of drieledige omgewing

---

1) The Individual & the Environment, J.E.Adamson, bls.26-37.

van die stoflike, die maatskaplike en die sedelike wêreld. Die groot vraag wat die onderwys nou moet oplos, is die aanpassing tussen die twee. Die vraag wat sig dus nou aan ons voordoen, is om die plek en die funksie van die onderwyser in hierdie proses van aanpassing te bepaal.

In die begrip van twee-poligheid skyn daar geen plek vir die onderwyser te wees nie, aangesien die hele saak tussen die indiwidu en die omgewing, tussen subjek en objek, afspeel. In hierdie werksaamheid staan die onderwyser heeltemal buite die proses. Hy kan wel die proses vergemaklik of versnel, deur daarvoor te sorg dat hindernisse, wat die aanpassing sou versteur of vertraag, uit die weg geruim of tot 'n minimum beperk is. Hy kan die indiwidu deur middel van die primitiewe instinkte soos vrees, toegeneëntheid, weetgierigheid, simpatie of 'n kombinasie daarvan aanhelp. Op die wyse kan hy die geestesstroom moontlik aanwakker en aanhelp of versnel. Of hy kan die feit of waarheid wat tot een van die drie wêrelde behoort, benader, deur dit duideliker teen die omgewing af te speel. Dog, of hy nou subjek of objek behandel, hy bly self buite die proses van aanpassing. Hy is toeskouer, leier, seremoniemeester - partykeer miskien dalk nog 'n struikelblok? Maar, hy is nooit self daarin of 'n deel daarvan nie. Hierdie bepaling van die plek van die onderwyser is direk die teenoorgestelde van die algemene opvatting, want byna elke ouer gaan van die standpunt uit dat die onderwyser iets besit wat hy direk aan die kind kan meedeel, of oordra, of miskien selfs inent. Die algemene ontwikkeling en onderrig het veel gedoen om die ideaal en doel van onderwys op die voorgrond te bring, maar ten spyte daarvan word die opvatting van direkte inprenting van die feit of waarheid tussen opvoeder en opvoedeling, vandag nog gesien.

Hoewel die praktiese waarde van die selfwerksaamheid van leerlinge besef word, veronderstel leerboeke, praktiese onderwysers en ontwerpers van skoolargitektuur ook nog 'n direkte aksie en reaksie tussen leerling en leerkrag. Die feit is egter nie dat die onderwyser die kind iets „geleer" het nie; wat hy wel gedoen het, was om die kind in aanraking met die feit of waarheid in die proses van aanpassing te bring.

In pedagogiese teorie, op 'n filosofiese peil, vind ons ook dat 'n proses van twee-poligheid tussen onderwyser en kind veronderstel word. In die proses van aanpassing is die vernaamste twee-poligheid egter nie tussen onderwyser en kind nie, maar wel tussen kind en omgewing. Die onderwyser is 'n soort van derde pool, maar 'n pool wat van tyd tot tyd en so dikwels as moontlik uit die oog verdwyn, m.a.w., die begrip van onderwys en aanpassing beteken dat die omgewing die objektiewe pool moet wees en dat die onderwyser 'n indirekte faktor in die proses is. Daar sal heelwat minder met metode gefouteer word as die onderwyser minder sterk op die voorgrond tree en die kind en feit met mekaar laat worstel, want op die wyse stempel die kind die feit met sy eie stempel, terwyl hy ook 'n bydrae tot die ontwikkeling van sy kinderpersoonlikheid lewer. Die onderwyser moet in die proses van aanpassing tussen kind en objek, slegs die toestand skep wat aanpassing sal vergemaklik. Hy is die draer van die flitslig wat elke donker hoekie van die waarneembare objek of feit moet verlig, sodat die subjek dit wat nie duidelik is nie, kan waarneem.

In die kultuur-orde is dit moeiliker om so 'n plek aan die onderwyser toe te ken, maar nie onmoontlik nie. Hy moet hier ook so deurskynend as moontlik wees en hom veral daarop toelê om die feite self te laat spreek. Dit kan hy bewerk-

stellig deur die aanwending van alle middele soos vrae, punte, rolprentvertonings, kaarte, figure, e.a., maar hy sal gedurig daarteen moet waak dat die geestelike lig van die kind nie van die waarheid na homself gelei word nie.

In die skepping van die sedelike orde geld dieselfde prosedure.[2] Sedelike aanpassing beteken dat die kind 'n doel en 'n ideaal gevind het, wat vrywillig, terwille van sy aantreklikheid nagestreef word. Die pool is hier dus ook tussen kind en ideaal en nie tussen kind en ouers of onderwyser nie. Waar ouers en onderwysers probeer om kinders aan 'n leiband van wet en reël te hou, al gaan dit met liefde en simpatie gepaard, is die gevolg gewoonlik morele ankerloosheid. So lank as daar aanpassing aan enige vorm van outoriteit is, hetsy die ouer, onderwyser, kerk, 'n stelsel van wette e.a., net so lank sal sedelike aanpassing buite sig bly. Die kind moet sy afhanklikheid afwerp alvorens hy tot sedelike aanpassing kan kom.

Aan die onderwyser sal ons dus nie 'n plek of pool in een van die drie ordes toeken nie. Dis sy taak om saam met sy leerling na die objek of pool te kyk, en om van tyd tot tyd - dit sal ongetwyfeld meer dikwels as seldsaam wees - hom as 'n hinderpaal te beskou en pad te gee. Indien hy sy leerlinge deur simpatie of outoriteit moet aanhits, sal ons hom vra om sy funksie as meester so gou moontlik neer te lê en die van mede-leerling as 'n soort van derde pool, in te neem. Die plek en funksie, wat aldus aan die onderwyser gegee word, behoort hy ongetwyfeld te verwelkom, aangesien dit ook sy professionele status verhoog. En hy sal gou uitvind dat sy leerlinge maar te geneig sal wees om met hom saam te loop in die aanpassingsproses. Die onderwyser is dus vol-

2) Ibid., bls. 340 - 346.

gens die opvatting in elke orde slegs 'n reëlaar van voorwaardes en 'n leier van die proses. Die proses self vind egter in die ervaring van die kind plaas. In dié sin moet elke kind sy eie redding bewerkstellig. Die onderwyser bly aktiewe toeskouer en belangsteller.

Hierdie rol maak die taak van die onderwyser egter nie van minder waarde of makliker nie. Sy waarde sal slegs verhoog en sy werk moeiliker word, want hy moet feite en waarhede so aanbied dat aanpassing van uur tot uur en van dag tot dag voortgaan. In aanskouingslesse, uit natuurkennis en aardrykskunde, is hy versamelaar van voorbeelde en feite, sowel as skepper van die omgewing en as aanpassing geredelik plaasvind, is hy op die doeltreffende pad van geslaagde arbeidsaamheid.

Die rol wat die onderwyser dus behoort te speel, is die van 'n professioneel oordeelkundige en hoewel dit 'n moeilike taak is, maak dit sy posisie belangriker. As beoordelaar beweeg hy op die terrein van waardes en word sy taak een van persoonlikheids-vorming van die kind. Kennis-versameling is goed en nodig, maar tensy dit deur aanpassing, aan die deugvolle goedheid gekoppel is, het die opvoedingsdoel nog nie geslaag nie. Aanpassing is 'n lewe wat geleef moet word - 'n wakkere, deugvolle, goeie, lewe - en die vorming, leiding en ontwikkeling van hierdie lewe is die taak van die opvoeding en die voorreg van Adamson se onderwyser.

(c) <u>Die opleiding van die onderwyser</u>.

1. <u>Die taak.</u>

Adamson se jaarrapporte getuig sonder twyfel dat hy veel aandag aan die saak van onderwysersopleiding gegee het. Opvoedkundiges erken dit: „Sy invloed het sig egter, veral laat geld op die gebied van die onderwysersopleiding."[3)]

3) Onderwys in Tvl., J.Chris.Coetzee, bls. 168.

As hoof van die onderwys in 'n nuwe kolonie het hy mense bekwame en goedopgeleide mense - nodig gehad om sy onderwysplanne uit te voer. Om onafhanklik van invoerbronne te wees, het hy sy ywerige aandag aan 'n sisteem van eie opleiding gewy. Sy opvolger som sy taak so op: „Maar soos die gewese Direkteur ten volle gesien het, is die hoeksteen van enige onderwysstelsel die onderwyspersoneel, en die laaste 19 jaar het blyke gegee van 'n buitegewone ontwikkeling in die opleiding van onderwysers. In 1905 was die matrikulasie peil, aan die akademiese kant nog die ideaal waarna 'n onderwyser moes strewe. In 1924 is die besit van 'n graad niks besonders nie en sou byna 'n gewone vereiste kan geag word vir elkeen wat onderwyser wil word."[4] In hierdie jong provinsie met onderwystoestande nog maar in die kinderskoene, was dit dan ook vir hom nodig om feitlik op die laagste trap te begin. Uit die 1,234 leerkragte in 1905, was slegs 61.2% gesertifiseer, terwyl daar aan die end van 1924, 5,149 leerkragte was, waarvan 82.8% ten volle gesertifiseer was.

Die opleiding moes veral voorsiening maak vir gehalte, hoeveelheid en rigting, d.w.s. 'n deeglike onderwyssisteem het goed-gekwalifiseerde leerkragte, 'n gehandhaafde balans tussen vraag en aanbod, sowel as voorsiening vir spesiale rigtings soos kleinkinder- en vakspesialiteite, nodig. Diensvoorwaardes soos besoldiging, verlof, opleidingsgeriewe en voorregte, het sy gedurige aandag geverg om 'n gereelde toevloei tot die professie te verseker.

2. Professionele standpunt.

Adamson[5] verlang 'n onderwyskorps met 'n positiewe professionele lewensuitkyk. Hy verlang manne en vroue wat opvoeding as 'n lewensroeping sien. Derhalwe is 'n akademiese

4) T.O.D. Jaarverslag 1924, bls. 6.
5) Jaarverslag 1907, bls. 21 - 24.

grondslag net so belangrik as 'n prakties-professionele voorbereiding. Die gees van wetenskaplikheid wat deur 'n universiteit versprei word deur vakstudie, vul die wysgerig-wetenskaplike vermoë aan, stem tot wakkerheid en verhoed masjienale werktuiglikheid en ankerloosheid. Die selfvertroue wat daaruit voortvloei, gekoppel met die mooi en sterk persoonlikheid van die leraar, is nodige en nuttige kwaliteite in en buite die klaskamer. 'n Sterk wil,[6] dissipline-vermoë en intelligensie is onmisbare kwaliteite van die onderwyser as hy deur deeglike opvoeding en opleiding gesublimeer en gekultiveer,en deur aanleg verfyn is. Dog akademiese onderlegdheid is nie al wat die lewe verg nie. Die leraar moet ook die metodes van die praktiese sielkunde ken. Hy werk met lewende mense-materiaal en afgesonderde teoretiese kennisversamelinge moet aangevul word deur die praktyk van die klaskamer, en die kind. Geen opleiding sal dus afgerond wees sonder deeglike ervaring in die skool self nie. Die sisteem van opleiding sal dus voorsiening maak vir hierdie vereiste.

Die graad van doeltreffendheid wat deur enige onderwyssisteem behaal word, hang noodwendig saam met die kwalifikasies van die onderwysende personeel. 'n Onderwyssisteem met 'n wye en ruime omvang, deeglik georganiseer volgens inhoud en geleenthede, sal vir sy vrugbaarheid steeds nog van die onderwys-personeel afhanklik wees. As die staat dus 'n beloning vir sy onderwyser verlang in die vorm van 'n beginselvaste, beskaafde en werkdadige gemeenskap, moet hy geen koste en moeite spaar vir die deeglike akademiese en professionele opleiding van sy leerkragte nie. Die skool is sy enigste georganiseerde en direkte opvoedkundige instelling, en die

---

6) Ibid., 1906, bls. 24.

geskiktheid daarvan word tot 'n groot mate bepaal deur die sedelike en intellektuele gehalte van sy onderwyspersoneel.

3. Opleiding vanaf 1905 tot 1923.[7)]

Die „Staatsmodelskool" vir mans en die „Staats-meisiesskool" het met die opheffing van die Z.A. Republiek die opleiding van leerkragte ook tot stilstand laat kom. In September 1902 het die Pretoriase Normaalskool vir die opleiding van leerkragte, onder Engelse bewind tot stand gekom, met Adamson as permanente hoof daarvan. Toe hy dus in 1905 tot die pos van Direkteur verhef is, was dit nog die enigste inrigting vir die opleiding van leerkragte. Die getal aspirant onderwysers in die inrigting was tussen 80 en 100. Die toelatingsvereiste was aanvanklik die matrikulasie sertifikaat en die professionele opleiding vir die derdeklas sou een jaar duur. Met hierdie toelatings-standerd kon daar egter nie volgehou word nie, aangesien die toevoer van matrikulante te klein was en hul dus tevrede moes wees met persone wat deur die distriks-inspekteurs op grond van 'n redelike standaard van bevoegdheid, aanbeveel was.

Adamson het in sy 1906 jaarverslag[8)] van die standpunt uitgegaan dat die produkte van die sekondêre skole sy toekomstige onderwysers moet wees. Omdat 'n groter personeel as wat die bestaande Normaalskool kon lewer, nodig was, moes die onderwys-deur dus nog oopgehou word vir die ongekwalifiseerde produkte van die sekondêre skole, wat later deur private studie die onderwyssertifikaat kon behaal.

In 1906 was daar uit die 1,234 diensdoende leerkragte slegs 61.2% ten volle opgelei. Intussen het die gedurige tekort aan leerkragte en die ongunstige balans tussen mans

---

7) Onderwys in Transvaal- prof. J.C.Coetzee, bls.113 en hoofstuk 6; Ook Jaarverslae 1905 - 1923.
8) bls. 34.

en vroue daartoe gelei dat daar ruimer voorsiening vir die opleiding van onderwysers gemaak moes word. In 1909 is daar dus 'n dag-opleidings-inrigting in Johannesburg, en 'n kos-opleidings-inrigting op Heidelberg[9] in die lewe geroep wat, saam met Pretoria, 'n sowat 200 aspirante kon besorg. Gepaard hiermee is daar ook hersiene „Bepalings vir die opleiding van onderwysers en die uitreiking van Onderwyssertifikate"[10] in brosjure-vorm uitgegee onder datum 6 April 1909. Daar sou drie grade van sertifikate uitgereik word, naamlik 'n derde-, tweede- en eerste-klas, wat respektiewelik 'n empiriese, 'n wetenskaplike en 'n wysgerige bekendheid met die doel en metodes van deeglike onderwys sou verteenwoordig. Die derde-klas vereis die matrikulasie en een jaar praktiese Normaal-skool-opleiding, die tweede-klas 'n Intermediêr B.A. en profes-sionele opleiding wat die meer wetenskaplike beginsels van die onderwys-metode sou ondersoek, terwyl die eersteklas afgelê sou kon word deur onderwysers wat opvoedkundig wys en intelli-gent belees was, en rype skool-ervaring deurgemaak het. Hier-die reëling het egter nog die opening gelaat dat persone met laer kwalifikasies tot die onderwys kon toetree, aangesien hul dienste nog nodig was weens die groeiende aanvraag om 'n groter personeel.

In 1911[11] is daar verdere belangrike veranderings in die opleiding van onderwysers aangebring. Hierdie wysigings sou van krag word gedurende 1912. Eerstens sou daar op 'n matrikulasie-toelatings-standaard aangedring word. Tot op hierdie datum beskik meer as 50% van die manlike studente nog slegs oor 'n standerd nege. Hierdie groep sou voortaan

---

9) Jaarverslag 1909 , bls. 53 - 54.
10) Ibid., 1909, bls. 17 - 18.
11) Ibid., 1911, bls. 15 - 18.

uitgesluit word as daar voldoende aansoeke van matrikulante was. Verder sou elke matrikulant voor sy toelating 'n proeftyd van ses maande aan 'n bepaalde skool moes deurmaak. Dit sou die jong aspirant 'n insae in die eise van die professie gee en die departement sou sy applikante kon keur.

In die tweede plek sou die kursus vir die derdeklassertifikaat voortaan vir alle kandidate tot twee jaar na matrikulasie verleng word, sodat meer aandag aan professionele voorbereiding gegee kon word. "The two-year period together with the higher entrance standard and the six months probation, should go a very long way towards making the training really valuable from a professional point of view"[12]. Sy akademiese opleiding sou egter ook nog verder aangevul word deur studiekursusse in taal en letterkunde, in wetenskap en natuurkennis en in kunsvakke soos tekene en musiek.

In verband met die tweedeklas-sertifikaat word daar ook twee belangrike wysigings aangebring.

(i) Elke kandidaat sou voortaan verplig word om eers die volle derdeklas te deurloop.

(ii) Nadat die derdeklas afgelê is, sou elke kandidaat in die tweedeklas, verplig word om eers agtien maande onderwys te gee en dan vir ses maande na die inrigting te kom vir die tweedeklas. Dit kon dan in ses maande afgelê word.

Wat die eersteklas betref, sou daar voortaan 'n mondelinge sowel as 'n skriftelike vereiste gestel word.[13]

Verder is die Onderwysraad gevra om spesiale voorsiening te maak vir spesialiteite in die geval van handearbeid, kookkuns, kindertuinwerk en liggaamsopvoeding. Applikante van oorsee sou slegs in die poste aangestel word as geen lokale leerkragte vir die poste verkrygbaar was nie.

12) Ibid., 1911, bls. 17.
13) Ibid., bls. 19 - 20.

Adamson[14] ag dit die taak van die universiteite om onderwysers op te lei, dog in sy 1912 verslag kritiseer hy die probleem wat deur die eersteklas-sertifikaat-reëlings getref is. Dit was vir hom duidelik dat die ooreenkoms wat die vier Provinsies met die universiteite getref het, dat hul voortaan vir die eersteklas sou oplei, die kontinuiteit van die provinsiale opleiding sou onderbreek. Om 'n graad en agtien maande opleiding vir die $O_1$ sonder die provinsiale sertifikate moontlik te maak, het die noodsaaklike praktyk ook verval. Dit sou nie slegs ontevredenheid skep onder die geledere van die diensdoende leerkragte nie, maar ook jong mans, in terme van hul sertifikate bo die meer ervare leerkragte verhef. Hierdie opleidingskursus gee ook nie genoeg aandag aan die vereistes van die praktiese opvoeding nie. Die T.U.K. het die skema vanaf 1913 in hande geneem.

In 1913[15] was die onderwys-kwalifikasies van die gesertifiseerde onderwysers in diens van die Transvaal as volg:

| | | |
|---|---|---|
| Eersteklas ($O_1$) | - | 3 |
| Tweedeklas ($O_2$) | - | 620 |
| Derdeklas ($O_3$) | - | 1102 |

Gesertifiseerde onderwysers het nou 72.3% van die totaal uitgemaak. Hierdie groep was ook onder die regulasies die enigste groep wat geregtig was op die departement se diensvoorwaardes soos verlof en pensionvoorregte.

Vanaf 1914 tot 1918, die oorlogsjare van Wêreldoorlog No. 1, het geen noemenswaardige veranderinge in die opleiding van onderwysers voorgekom nie, behalwe dat daar in 1916 'n demonstrasie plaasskool[16] te Honingnestkranz naby Pretoria in die lewe geroep is. Mansstudente van die Pretoriase Normaalkollege sou hier praktiese ervaring in die eise van 'n plaasskool

---

14) Ibid 1912, bls. 48 - 49.
15) Ibid., 1913, bls. 24.
16) Ibid., 1916, bls. 51.

opdoen.

Die voortdurende tekort aan onderwysers as gevolg van die groei en ontwikkeling het die behoefte aan meer opleidingsinrigtings aktueel gemaak: in die verslag oor 1918[17] rapporteer die Direkteur dan ook van die oprigting van twee sentra vir preliminêre opleiding, een op Potchefstroom en die ander op Ermelo, met die oog op die uiteindelike voorsiening van leerkragte vir die platteland. Aanvanklik was hierdie inrigtings niks meer as 'n soort van middelbare skool vir diegene wat later vir onderwyser sou studeer nie.

Die „Bepalinge vir die Opleiding van Onderwysers"[18] is gedurende 1917 andermaal hersien omdat die opleiding te min tweedeklas leerkragte gelewer het, 'n swak akademiese vorming vir die derdeklas beplan het, en daar ook geen voorsiening vir die opleiding van kindertuin onderwyseresse was nie. Hierdie hersiene wysigings het op 1 Januarie 1918 van krag geword. Studente met 'n tweedejaar B.A. kon tans direk met die studie vir 'n tweedeklas aangaan, sowel as onderwysers met vyf jaar ervaring, terwyl onderwysers in besit van die derdeklas net 'n ekstra jaar opleiding nodig gehad het. Vir bevordering in die diens is die tweedeklas 'n vereiste gemaak. Die derdeklas is uitgebrei deur die vereiste van drie akademiese vakke. Verder is daar in die twee kursusse voorsiening gemaak vir onderwyseresse wat hul vir kindertuinwerk wou voorberei.

Met hierdie verandering het Adamson beoog dat twee-derdes van die personeel in die besit van 'n tweedeklas sertifikaat moet kom omdat vermeerderde opleiding vir hom nie slegs in getalle nie, maar ook in beter kwalifikasies gelê het.

In die middelbare skole was daar nie slegs 'n tekort

---

17) Ibid., 1918, bls. 39.
18) Ibid., 1917, bls. 52-54.

aan leerkragte nie, maar ook die gevare van 'n onopvoedkundige gewoonte: 'n Graad word voldoende geag. Die werklike vereiste, soos hy dit in sy rapport oor 1919 gestel het,[19] was 'n graad sowel as 'n onderwysers-sertifikaat. Hy loof egter die ywerige en gewillige samewerking van leerkragte om die tekort aan personeel deur ekstra werk aan te vul.

In 1920 is daar andermaal 'n wysiging in die opleiding van onderwysers[20] aangebring. Voortaan is 'n beleid van noue samewerking tussen die normaalkolleges en die universitêre inrigtings getref. Die normaalstudente het hul op die gewone wyse vir 'n derde-, tweede- en 'n tweedeklas met 'n graad, ingeskryf, wat respektiewelik twee, drie en vierjaar sou neem. Die akademiese vereiste is nou gestel op drie en vyf graadvakke vir die derde en tweedeklas-sertifikate, terwyl die vierjarige kursus 'n volle graad vereis het. Gedurende die eerste jaar neem al die studente 3 of 4 graadvakke aan die universiteit en praktiese vakke soos mondelinge taal, houtwerk, naaldwerk, sang en musiek ens, aan die normaal. In die tweede jaar voltooi die derdeklas hul professionele opleiding aan die normaal terwyl die tweedeklas hul studies in verdere graadvakke aan die universiteit en praktiese vakke aan die normaal voortsit. Aan die end van die derde jaar word die tweedeklas deur almal voltooi, terwyl die vierjarige groep hul studies vir die voltooiing van die graad vir die laaste jaar aan die universiteit voortsit.

Adamson ag hierdie enge verband tussen die normaalskole en die universiteite as van eersterangse voordeel. "If breadth of outlook and scientific spirit are to inform the routine work of the shools, both primary and secondary, we must bring

---

19) Ibid., 1919, bls. 10.
20) Ibid., 1920, bls. 47 - 49.

our future teachers under the direct and immediate influence of university teaching."[21] Hy wil nie die skole vol gegradueerdes stop nie, maar hy verlang dat die gees van die universiteit ook na ons skole oorgedra moet word, sodat die roetine van 'n skool daardeur wetenskaplikheid kan erlang.

Om die opleiding van onderwysers verder in die hand te werk het opleiding op staatskoste plaasgevind.[22]

In 1921 is die twee voorlopige opleidingssentra van Potchefstroom en Ermelo tot volledige Normaalkolleges verhef, sodat die Provinsie nou oor vyf opleidings-inrigtings beskik het wat 'n jaarlikse kwota van sowat 200 onderwysers gelewer het.

Laat ons hierdie afdeling deur 'n paar vergelykende grafieke afrond:


---

21) Ibid., 1920, bls. 48.
22) Ibid., bls. 49.

GRAFIEK No. 1.

Grafiese voorstelling van die uitbreiding van die skoolpopulasie in Transvaal gedurende die jare 1903 --- 1924.

Skaal: Vertikaal ------- $\frac{1}{2}$" stel voor 10,000 leerlinge.
Horisontaal ----- $\frac{1}{2}$" stel voor 3 jare.




## GRAFIEK No. 2.

Grafiese Voorstelling van die aantal Onderwysers(esse) in diens in die Transvaal gedurende die tydperk 1903-1924.

Skaal: Vertikaal --- ½" stel voor 500 leerkragte.


Horisontaal-- ½" stel voor 3 jare.



GRAFIEK No.3.

Grafiese Voorstelling van die gemiddelde aantal leerlinge per onderwyser gedurende die tydperk 1906 - 1924.

Skaal: Vertikaal --------- 1" stel voor 1 leerling.
Horisontaal ------- ½" stel voor 3 jare.




GRAFIEK No. 4.

Grafiese Voorstelling, vergelykende die Persentasie Mans met Dames, in diens in Transvaal, 1903 - 1924.

Skaal: Vertikaal --------- 5 mm. stel voor 1 Persent.
Horisontaal ------- 1 cm. stel voor 3 jare.


Referensie: Die gestippelde lyn stel voor, Dames (%)
Die onafgebroke lyn stel voor, Mans (%).



GRAFIEK No. 5.

Grafiese Voorstelling van die Persentasie Gesertifiseerde Leerkragte gedurende die Tydperk 1903 - 1924.

Skaal: Vertikaal ------- 1 duim stel voor 5%.
Horisontaal ----- ½ duim stel voor 3 jare.



(d) Adamson se Opleidingsbeleid.

'n deeglike opgeleide onderwyspersoneel is 'n hoogs belangrike noodsaaklikheid vir die sukses van 'n onderwyssisteem, omdat die onderwyser so 'n kardinale rol daarin speel. Gedurende sy ampstermyn[23] kon Adamson die sertifisering van sy personeel van 61.2% tot 82.8% opskuif; die verhouding tussen mans en vrouens kon in 1924 'n vyftig-vyftig ewewig vind; die onderwyspersoneel het van 1,234 tot 5,149 gegroei, en dit getuig van deeglike vordering en vooruitgang. Dog, dis 'n vooruitgang wat slegs deur syfers spreek. Dit verklaar nognie die beleid wat gevolg was om die gehalte, toewyding en goeie afrigting van die personeel as 'n geheel te bepaal nie. Derhalwe sal Adamson se opleidingsbeleid kortliks nagegaan word.

1. Algemene vereistes.

Gedurende sy ampstermyn was daar 'n gedurige tekort aan leerkragte as gevolg van die gedurige uitbreiding. Die bronne waaruit hy sy werkkragte geput het was die Transvaal met sy opleidingskolleges[24], die ander drie provinsies van die Unie, sowel as 'n kleinere aantal van die Britse Ryk en Holland.[25] Hoewel hy voorkeur geheg het aan 'n sisteem van selfvoorsiening, was hy van mening dat dit gepas was om leerkragte in te voer. "Protection against immigrant teachers amounts almost to a contradiction in terms."[26] Die invoer van onderwysers het egter meer betrekking op die Provinsies van die Unie gehad as op lande van oorsee, en sy beleid van beskerming is duidelik. "It cannot be permitted that candidates from other Colonies shall take precedence of candidates trained in the Transvaal."[27]

---

23) Vanaf 1905 tot 1923.
24) Jaarverslae: 1911 bls. 15-18; 1917 bls. 50-58; 1918 bls. 40 en 1920 bls. 45.
25) Jaarverslag 1912 bls. 45.
26) Jaarverslag 1906 bls. 33., 1912 bls. 45 en 1918 bls. 37.
27) Jaarverslag 1909 bls. 19.

Die eise wat hy aan sy onderwyskorps gestel het kan ons kortliks as volg saamvat:

(i) Die onderwyser moes 'n siviele status beklee, sodat hy slegs aan 'n sentrale outoriteit verantwoording verskuldig was. Daarom verkies hy dat hul liewer staatsamptenare, wat aan die staat en nie aan plaaslike gesag, onderhewig sou wees nie.[28]

(ii) Die waarhede van die Woord en die-daaruit-voortvloeiende sedelesse moes in alle skole onderwys word.[29]

(iii) Die diens moes só aantreklik gemaak word dat meer mans tot die professie sou toetree, want hy verlang 'n eerbare status en 'n lang professionele lewe vir sy onderwyser.[30]

(iv) Om dit te verkry moes die diensvoorwaardes vir sy onderwyser goed wees. Hy moes 'n bestaanbare salaris ontvang, permanentheid van diens gewaarborg word, vakansie-verlof, siekte-verlof en pensioenvoorregte geniet, en die redes wat tot sy ontslag mag lei, moes duidelik opgestel wees.[31]

(v) Sy onderwyskorps moes uit manne en vroue bestaan wat die werk liefgehad het, in besit van deeglike kwalifikasies was en oor gesonde ervaring beskik het. Om hul gedurig op hoogte van opvoedkundige ontwikkelings te hou, glo hy aan tussentydse vakansie-kursusse vir die onderwyser.[32] Hy wys dan ook verder daarop dat 'n gedurige stafwisseling deur uitdienstreding ens., ongesond is.[33]

2. <u>Onderwys-kwalifikasies</u>.

In hoofsaak het Adamson veral nadruk gelê op die akademiese kwalifikasies en die sertifisering van die onderwyser(es).

(i) <u>Akademiese opleiding</u>.

Die toelatingseksamen wat hy van sy aspirant onderwyser verlang het, was 'n matrikulasie-standaard, omdat hy dit as die enigste gesonde grondslag vir die kulturele en wetenskaplike vorming en ontwikkeling van sy onderwyser gestel het.[34] Onder omstandighede waaroor hy geen beheer gehad het nie,

---

28) Jaarverslag 1906 bls. 8.
29) Jaarverslag 1906 bls. 9.
30) Jaarverslag 1908 bls. 22.
31) o.a. Jaarverslae: 1913 bls. 19; 1915 bls.29; 1917 bls 33 en 1919 bls.10.
32) Jaarverslag 1923 bls. 53.
33) Ibid 1912 bls. 53; 1913 bls. 16-19.
34) Jaarverslag 1912 bls. 15.

was hy egter verplig om dikwels ook met 'n laer toelatingsstandaard tevrede te wees.[35] In hierdie gevalle het hy egter geglo dat die verlaging van die toelatingsvereistes slegs 'n tydelike maatreël was.[36]

Verder het hy besondere waarde aan 'n universiteitsopleiding geheg. Vir die laerskool kon 'n mens nog tevrede wees met akademiese kwalifikasies van 'n matrikulasie-standaard dog vir die sekondêre skole was 'n intermediêre B.A. of B. Sc. of 'n graad, noodsaaklik. Die opleiding wat aan hierdie vereiste die beste resultate sou verskaf, was 'n sisteem van gesamentlike opvoeding deur die universiteit en die normaalkollege.[37]

Die neiging van sommige onderwysers om slegs 'n graad te behaal en hul daarna nie verder professioneel te bekwaam nie, het hy sterk afgekeur en gereeld daarop gewys dat hierdie persone in terme van die regulasies onopgeleid was, en dus nie in die volle voorregte van die diensvoorwaardes kon deel nie.[38]

(ii) Professionele opleiding.

Die professionele opleiding wat hy vir sy onderwyser nodig geag het, moes teoretiese sowel as praktiese opleiding insluit. Aan die normaalkolleges moes hy onderrig ontvang in die professionele vereistes wat aan die professie verbonde is, soos, metode van onderwys, tug, die inhoud en organisasie van die onderwys, sowel as in die praktiese eise van stedelike en plattelandse gebiede. Hierdie meer teoreties-professionele kennis moes dan verder aangevul word deur praktiese onderwys in die skool self. Vir die eerste gedeelte van hierdie opleiding het die normaalkolleges eers alleen en

---

35) Ibid., 1912 bls. 45.
36) Ibid., 1915 bls. 29.
37) Ibid., 1919 bls. 10-11 en 1923 bls. 36-37.
38) Ibid., 1913 bls. 24; 1914 bls. 27; 1917 bls.49; 1921 bls. 37.

daarna in samewerking met die universiteite vir twee onderwys-sertifikate voorsiening gemaak, nl. 'n onderwysers derdeklas en 'n onderwysers tweedeklas. Vir die onderwysers eersteklas het die universiteite opgelei.[39] Daarby was hy ook nog ten gunste van spesiale opleiding vir klein-kinderskole, houtwerk, kookkuns en handwerk.[40] Teen die nadele wat kon voortspruit uit onopgeleidheid, het hy gereeld gewaarsku.[41]

Wat die praktiese opleiding van sy onderwyser(es) betref, het Adamson strenge eise gestel. "I do not consider that the system of training can be considered satisfactory unless three-fifths of the whole time, that is on an average three school days out of five in every week during the two years, are spent in the schools".[42] In sy verslag van 1917 toon hy aan hoe hierdie besoeke uitgevoer moet word, en hy lê veral klem daarop dat die aantal studente wat 'n skool gelyktydig besoek nie te groot moet wees nie.[43]

(e) Samevatting.

As ons al Adamson se pogings nagaan wat hy aangewend het i.v.m. die onderwyser, sy status, opleiding, besoldiging en diensvoorwaardes, dan moet ons erken dat dit een van sy hoogste dienste aan die professie was. Opvoedkundig het hy die plek en funksie van die onderwyser bepaal as 'n reëlaar van die omgewing wat die probleme van die kind uit 'n gemeenskaplike hoek, saam met die kind, benader.

Die opleiding wat hy vir sy onderwyser voorgeskryf het, berus op gesonde akademiese en professionele gronde. Verder moet ons met hom saamstem waar hy aan die onderwyskorps 'n belangrike plek en funksie toeken vir die sukses van 'n stelsel

39) Ibid., 1908 bls. 23; 1912 bls. 47-49.
40) Ibid., 1912 bls. 49 - 50.
41) Ibid 1913 bls. 24 en 1914 bls. 27.
42) Ibid., 1910 bls. 54.
43) Ibid., 1917 bls. 51 - 52.

van opvoeding en onderwys."A system may be broadly and liberally conceived, and effectively organized, both from the point of view of facilities and content, but it will depend on the teaching staff whether these factors, so to say, lead to fruition. The highest attainments both on the academic or general and on the professional side should be sought, if the State is to get an adequate return for the sums expended on public education, in the form of a high-principled, cultured and efficient population."[44)]

44) Ibid., 1918 bls. 32.